BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 5 JULIE 2011 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Rdh J Raats	[DA]	:	Speaker
Rdl E Manuel	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl Me S Crafford	[DA]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A De Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdl R Van Rooy	[Cope]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdl C Snyders	[DA]		
Rdl J Botha	[DA]		
Rdl D Adams	[DA]		
Rdl Me C Snyders	[ANC]		
Rdl S Claassen	[ANC]		
Rdl W Dirks	[ANC]		
Rdl Me S Smit	[ANC]		

AMPTENARE:

Mnr A Willemse	:	Munisipale Bestuurder (wnd)
Mnr J Joubert	:	Direkteur Administratiewe Dienste
Mnr J Van Niekerk	:	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr S Swartz	:	Direkteur Gemeenskapsdienste (wnd)
Mnr N Scheepers	:	Senior Klerk : Komiteedienste

1. **OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME**

Die vergadering open met stille gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)**

Rdl A Maarman
Mnr D Lambrechts
Mnr D Josephus
Mnr J Basson
Mnr J Mkandawira

3. **VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE) / DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF SCHEDULES 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)**

- Geen / None

4. **BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING (3/3/1/3)**

- Geen / None

5. **VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)**

Die Voorsitter meld dat hy 'n vergadering met Provinsie bygewoon het met betrekking tot wykskomitees en beoog om met die Munsipale Bestuurder te konsulteer, rakende die plasing van advertensies in hierdie verband.

6. **ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)**

- Geen / None

7. **MOSIES / VRAE / MOTIONS / QUESTIONS (3/3/1/1; 3/3/1/2)**

- Geen / None

8. **DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)**

- Geen / None

9. **AFDELING A : UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE**

9.1 **AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL**

- Geen / None

9.2 **BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS WHICH WERE NOTED FOR INFORMATION OF COUNCIL**

- Geen / None

10. **AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION B : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)**

10.1 **AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD/RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL**

10.1.1 **BEDANKING : DIREKTEUR ADMINISTRATIEWE DIENSTE (PERS) (4/1/2/2)**

('n Bykomende verslag, vanaf die Waarnemende Munisipale Bestuurder, word ter tafel gelê)

Mnr Joubert verlaat die vergadering om 15:05 voor die bespreking van die verslag.

Die Voorsitter lees Raadsbesluit RB 905 gedateer 30 Nov 2010 aan die vergadering voor en meld dat punte 2,5 en 6 van voorgenoemde besluit tot die aanbeveling bygevoeg moet word.

By navraag van die ANC-koukus met betrekking tot 'n regsopinie en 'n moontlike uittredingspakket vir Mnr Joubert, meld die Direkteur Finansiële Dienste dat Mnr Joubert se bedanking soos enige ander werknemer hanteer word met geen uittredingspakket en dat waarnemingstoelae (aan die persoon wat in sy plek sal waarneem) betaalbaar is ingevolge Raadsbeleid.

Die ANC-koukus meld dat hulle hulself weerhou van die voorgenome raadsbesluit en versoek dat hulle gevrywaar word van enige finansiële implikasies wat moontlik teen die raad ingestel mag word.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat Mnr Joubert na samesprekinge volstaan het by sy bedanking en derhalwe word sy bedanking ingevolge Artikel 38 (1) en (2) ingevolge Wet 75 van 1997 hanteer.

Die Voorsitter noem dat Salga 'n regsopinie aan die raad voorgehou het wat die onderstaande besluit magtig.

Op versoek van Raadslid Claassen meld die Uitvoerende Burgemeester dat alle Artikel 57 aanstellings voortaan kontraktuele aanstellings sal wees.

RB 962 **BESLUIT**

1. Dat Mnr JD Joubert se aansoek om uitdienstreding met vervroegde aftrede goedgekeur word;

2. Dat Mnr JD Joubert kwytgeskeld word van sy kennisgewingsperiode in terme van Artikel 38(2) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997), sodat sy laaste datum van diens vervroeg word vanaf 31 Augustus 2011 tot 6 Julie 2011;

3. Dat Mnr JD Joubert vir die kennisgewingsperiode van 6 Julie 2011 tot 31 Augustus 2011 vergoed word in terme van die bepalings van Artikel 38 (1) en (2) van voornoemde Wet.

4. Dat betaling van bydraes met betrekking tot sy voortgesette lidmaatskap van ‘n mediese fonds bevestig word;

5. Dat die vakature so spoedig as moontilk gevul word, soos voorgeskryf; en

6. Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word om, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, ‘n waarnemende posbekleër volgens voorskrif, aan te stel en te vergoed, indien nodig.

Mnr Joubert sluit om 15:20 by die vergadering aan.

Die Voorsitter, Uitvoerende Burgemeester en ANC-koukus bedank Mnr Joubert vir sy onbaatsugtige diens gelewer en wens hom voorspoed en sterkte toe.

Op sy beurt bedank Mnr Joubert die raad vir die opbouende toesprake en meld dat hy te alle tye behulpsaam sal wees, waar sy kundigheid benodig word.

10.2 **BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS ACCORDING DELEGATED POWERS AND ITEMS OF WHICH COGNISANCE SHOULD BE TAKEN, FOR INFORMATION OF COUNCIL**

- Geen / None

10.3. **NOTULE(S) VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERINGS VIR OORWEGING EN KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS TABLED TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION / INFORMATION**

- Geen / None

10.4 **NOTULE(S) VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERINGS VIR OORWEGING EN KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS TABLED TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION / INFORMATION**

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:35

BEKRAGTIG AS ‘N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.

_____ _____

VOORSITTER (SPEAKER) ***DATUM***